# SWART OP WIT

jg 1/2 'n tydskrif wat regsinnig én leesbaar wil wees 1985

# God was wél by hierdie twee rampe

**Die busramp waarin 42 kinders gesterf het, het selfs mense geraak wat hulle normaalweg nie die luukse veroorloof om oor God te dink nie. Waar was God?, vra hulle. As daar 'n God is...**

En 'n paar weke later het "pastoor" Wolmarans van Christian City toe sy wedstryd teen dr. Des Stumpf van Kaapstad verloor. Die siekes is nie genees nie.

Dis moeilik om uit te maak watter een van die twee rampe die ergste was. Vir die ouers van die kinders sekerlik die eerste, maar vir die Christelike geloof was die tweede dalk nog erger. In die naam van Christus het 'n man 'n bespotting gemaak van die krag van God., en die indruk gewek dat God onmagtig is om die natuurwette (wat Hy self gemaak het) te verander of anders aan te wend.

Waarom het God dan nie vir die eer van sy Naam in die bresse getree nie?

Ons kan bly wees Hy het nie. As ons die sin van die Skrif reg verstaan, sou dit 'n katastrofe gewees het as God ingegryp het. Hy sou al die bygelowige en ongelowige mense verdelg het. God was wel by Christian City, God is oral, maar Hy het Hom deur Christus, die Middelaar, laat oorreed om die mense nie te vernietig nie, dink ek. Soos toe Moses Hom oorreed het om nie die hele Israel uit te wis toe hulle om die goue kalf gedans het nie. Of soos toe die mense Christus met die kruis doodgemaak het. Selfs toe Jesus geroep het, het God nie geantwoord nie.

Het God dan verander? Doen Hy nie meer wonderwerke nie?

Ja, God doen nog wonderwerke. Hy gee uitstel. Hy stel die oordeel uit omdat Hy 'n God van liefde is. Soos toe Hy Jesus uit die dood laat terugkom het. Hy skep die ruimte waarin sy genadewoorde gehoor kan word. Hy het nie verander nie. Hy is nog altyd die genadige God.

Gaan die wonderwerke wat Christus op aarde gedoen het, dan nie voort nie?

Christus is 'n Middelaar, nie 'n wonderdoener nie. Sy wonders was simbool van God se barmhartigheid, 'n versiering by die wonder van die Christus wat gekom het om God en die mense te versoen. Dit was 'n demonstrasie van hoe daar op die nuwe aarde geen siekte en geen dood meer sal wees nie. As Christus primêr 'n wonderdoener was (of 'n duiweluitdrywer) sou Hy nie kruis toe gegaan het nie. Hy sou aangehou genees het totdat die siekes gesond was.

Maar dit het Hy nie gedoen nie. Na Hy in ons plek gestraf is, is Hy hemel toe om daar verder vir ons te pleit. In sy plek het Hy sy (en die Vader se) Gees gestuur om ons trane en sweet af te vee; die trane en sweet van die uithou en volhard tot die einde toe; omdat ons glo.

Om eerlik te wees, ek wens regtig die pastore wil liewer hiérdie evangelie verkondig en die geneeskunde aan die artse oorlaat. Hulle het ál God se genade nodig om mediese wonders te (bly) doen.

***

Maar waar was God dan toe die bus in die meer geval het? Hy het tog nie geswyg omdat Hy die mense nie wou verdelg nie? Die mensies was dan juis besig om te vergaan?

God was daar. Hy was nie te laat nie. Hy is nie deur die on-geluk verras nie. Hy het nie magteloos toegekyk nie.

As dit hard klink, oorweeg die teendeel. God was besig met iets anders. Dit was nie God se wil nie. Dit was die Bose se wil. Die Bose se wil is sterker as God s'n.

Dan hou ek liewer aan die Bybel vas wat sê dat selfs nie 'n haar van ons hoofde val buite God se wil om nie. Wat nog te sê 'n arm of 'n been of 'n kind. Dit los die probleem nie op nie, maar dis beter om troos te soek by 'n God wat weet wat Hy doen, as by een wat net so magteloos soos 'n mens is. Al is dit ook hoe seer en onverstaanbaar.

## Hou die vinger op nagmaal-bywoning

Dit is nie regtig meer moontlik om register te hou van wie elke erediens bywoon nie, maar dit is prakties moontlik en baie sinvol om aan te teken presies wie nagmaal toe kom en wie nie.

Die ouderlinge ontvang elkeen 'n lêer met vier vorms waarop die name (noemname) van ál die belydende lidmate in die wyk staan; man en vrou apart. Na die name kom twee kolomme. In die eerste word die datum aangeteken waarop elkeen na die komende nagmaal uitgenooi word. (Eintlik toegelaat word.) In die tweede kolom word met 'n "ja" of 'n "nee" aangedui of hy of sy die vorige nagmaal bygewoon het; dus die vorige uitnodiging aangeneem het.

Dis baie eenvoudig, maar baie effektief. Na 'n jaar of twee, met agt verslae, is dit baie duidelik wie enigsins kerklik meeleef en wie nie, en kan probleemgevalle bearbei word. Dit geskied nie op grond van vermoedens of vae waarnemings nie. Die leraar kan nou op vaste grond sê: "Ek sien op die ouderling se verslag dat u nie nagmaal toe kom nie...?"

As beide ouderling en leraar die saak taktvol benader, word dit die begin van 'n pastorale troos- en herstelproses.

**U kan Swart op Wit fotokopieer, maar dan lewer u géén bydrae om sy voortbestaan te verseker nie.**

**IN DIE VOLGENDE UITGAWE:**

- **Hoe getuig die kerk by die staat oor die politiek?**
- **Hoe los ons die probleem van gesamentlike aanbidding op?**

**Bydraes waarby die outeur nie vermeld word nie, is van die redakteur.**

# Swart op Wit

Enigiets sal vir publikasie in S O W oorweeg word - ook kortverhale, poësie, strokiesprente, humor ens. - mits dit religieuse diepte vertoon. S O W is nie in die eerste plaas 'n polemiese tydskrif nie. Dis 'n diensblad, vir die gesin.

**REDAKSIE**

Manie Malan - redakteur
Elmer Erlank - mederedakteur

**MEDEWERKERS**

Gerhard Augustyn (Sibasa), Christo Büchner (Dennilton), Johan en Elma Cilliers (Bloemfontein), Andries Combrink (Halfweghuis), Piet Grové (Pretoria), Nico Hanekom (Pretoria), Stephan Joubert (Benoni), Jan en Anna Kock (Waterbron), Petrus Kriel (germiston), Dirk Laufs (Durban), Koos Mouton (Garsfontein), Fanie Schoeman (Vryheid), Kobus Smit (Bloemfontein), Nico Steenberg (Villieria), Christel Steyl (Helderkruin), Gert Strydom (Windhoek), George van der Merwe (Kameeldrif), Nico van Rensburg (Benoni), Sarel en Liesbet Venter (Bloemfontein), Wassie Wasserman (Wepener).

**ADRESSE**

**Bydraes**

Manie Malan
Posbus 15185
0039 LYNN EAST
(012)
(tel. 821105)

**Administrasie**

Claritas
Posbus 15621
0039 LYNN EAST
(012)
(tel. 821153)

**Koste**

Intekenaars word bereken vir elke uitgawe wat hulle ontvang, en elke uitgawe se prys word bepaal volgens die aantal bladsye, en die oplaag. Hoe meer intekenaars, hoe laer die eenheidskoste.

# Uit die bek van 'n haan...

Deur ELMER ERLANK

Die laaste kontak tussen twee persone voordat een sterf, is gewoonlik belaai met emosie. En onvergeetlik. Dié nag was Petrus vol emosie, onvergeetlike emosie. Want dit was die laaste kontak tussen Petrus en Jesus, voordat Hy dood is.

Die getuienis van 'n persoon oor 'n ander wat gaan sterf, is gewoonlik opreg uit die hart en waar. En onvergeetlik. Petrus het getuig, dié nag voor Jesus dood is. Getuig oor Jesus. En dis onvergeetlik. Maar daar was dié nag ook ander getuies oor Jesus, daar in die voorhof van die hoëpriester se paleis.

## Geloofsekerheid?

Petrus was daar, maar was hy daar verplig deur, of getrou aan sy woord? Wie sal dit betwyfel dat hy dit werklik bedoel het, toe hy gesê het dat hy saam met Jesus tronk toe sou gaan en selfs saam met Hom sou sterf? Daarom is hy daar, om te sien hoe die verhoor gaan verloop.

Maar toe kom daar 'n diensmeisie... Haar onvriendelike oë is rond, donker en hard. Die flikkerende vlamme van die vuur kaats 'n vreemde beeld in haar oë, dit herinner Petrus vaagweg aan iets, iets bekend, iets soos 'n sif... Gevaarlik. Ag nee, dis maar net sy verbeelding. Dis omdat hy ontuis voel tussen die vreemde mense en skrikkerig, so naby die hoëpriester en die Joodse Raad.

Hoe nou? Hy, 'n dissipel van daardie Man? Nee, hy verstaan nou nie mooi nie. Wat bedoel sy? Hy ken Hom nie. Dis stil om die vuur. 'n Kooltjie spring met 'n knal uit die vlamme. Haar oë sê sy glo hom nie.

Hy probeer om saam met die ander om die vuur te gesels. Maar waarom is sy mond dan droog? Hy moet maar so onopsigtelik moontlik wees. Die geselskap vlot nie eintlik nie. Iets is stram en onbuigbaar. Dié mense is agterdogtig. Hulle ken hom nie, en weet ook nie wat hy ewe skielik hier kom maak nie.

Toe kom die tweede beskuldiging.

Nou sal hy vinnig 'n plan moet maak om hulle te oortuig dat hy Jesus nie ken nie. Daarom moet hy 'n bietjie meer krag bysit as hy dit ontken. Die krag van 'n leuenaar. Hy roep God in as getuie dat hy Jesus nie ken nie. (Mat.26:72). Meineed? Simon, Simon, die Satan.. Wat se fluistering was dit? Seker maar die wind in die palmbome...

Wat het daardie man gesê? Glo hulle hom nie? Dan moet hy nog sterker optree. Die krag van 'n swakkeling. Hy begin vloek. Nou, dis "beter", want 'n dissipel van die Nasarener sal seker nooit so lelik vloek nie. Mag die oordeel van die verdoemenis hom tref, as hy hierdie Man ken!

Getuig Petrus só oor Jesus **en** oor sy geloof in Hom?

## Afgesweer

Voor die Joodse Raad was daar ook ander getuies oor Jesus. Maar in die feit dat hulle mekaar weerspreek is hulle leuens opsigtelik. Geen gronde vir 'n klag nie. En die twee wat sê dat Hy beweer het dat die tempel maar afgebreek kan word en Hy sal dit in drie dae weer opbou, se aantyging van laster is ooglopend te dun. Kajafas wil deurstoot na die punt waarom dit werklik gaan: Is hierdie Nasarener die Christus, ja of nee? Hy is slim genoeg om te weet dat Jesus nie antwoord op die beskuldigings nie, omdat dit van alle waarheid ontbloot is.

Met 'n gebaar van gewigtigheid staan hy op. Dan sweer hy 'n eed by die lewende God dat Hy moet sê of Hy die Christus is. Al sweer hy so, glo hy by voorbaat nie dat Hy die Christus is nie.

Voor Jesus sit die Ou Testamentiese verteenwoordigers van die volk van God. Hulle het Hom klaar afgesweer.

Agter Jesus sit die eerste onder die Nuwe - Testamentiese verteenwoordigers van die volk van God. Hy het Hom ook afgesweer. Al glo hy ook (volgens eie belydenis) dat Jesus die Christus is!

## Die "onbekeerde" Jesus?

Onder die getuies daardie nag, was daar Jesus self. Ook Hý moes getuig. Onder eed. Die beswering van die hoëpriester het Hom onder eed geplaas, en Hy moes voor God as getuie, antwoord. Jesus se antwoord was 'n onverskrokke bevestiging dat Hy die Christus is.

Nog nooit het 'n hoëpriester sy kleed so triomfantelik geskeur as teken van skok en afsku oor wat hy aangehoor het nie. Dat hy daarmee self die voorskrif van die wet van Moses oortree het, het hy waarskynlik nooit eers aan

## 'n Nagfragment

gedink nie (Lev.21:10). Hy is te haastig om Jesus as wetsoortreder te veroordeel. Die bevinding is ook eenparig- Hy is die dood skuldig. Daar is ook geen verdere getuies nodig nie. En aangesien daar onder die volgelinge van die Nasarener ook niemand was om **vir** Hom te getuig nie, kan die saak afgehandel word.

Die afgesweerde Jesus word nou die uitgebande Jesus. Vir so 'n "lasteraar" is daar geen plek in die volk van God nie. Ekskommunikasie. Dit is die uiterste stap van kerklike tug, wanneer iemand uit die gemeenskap van die heiliges uitgeban word vanweë volgehoue sonde en onbekeerlikheid. Alle gemeenskap word met so 'n persoon verbreek.

So, op die grens van God se ou, en die verseëling van sy nuwe testament, word die Seun van God onterf...

### Die laaste kontak

Jesus is egter op die middelaarspad, die weg van betaling, van plaasvervanging. Verborge vir die oë van Kajafas en sy gebroed, moet Hy God se nuwe testament beseël, in sy bloed. Hy moet God en sondaar by mekaar uitbring.

Daarom is Hy intens besig met sy Vader. En voordat Petrus se vloeke nog in sy mond kan stol, het 'n haan gekraai. Die Bybel sê, **onmiddellik**, terwyl hy nog gepraat het. Die oomblik het gekom dat daar nog Iemand sou getuig. Op daardie oomblik het die Vader gesê: Kraai, kraai, haan! My Seun Jesus het dit gevra (Luk.22:32). God moet nou anders getuig as Petrus. God se getuienis teenoor Petrus is dat hy Jesus wel ken! En: dat Jesus Petrus ken!

Toe het Jesus omgedraai en Petrus in die oë gekyk. Onvergeetlik dié oë van Jesus. Beskuldigend? Nee, die Middelaar beskuldig nie, Hy dra die skuld. Daarom is dit oëtaal wat sal sorg dat Petrus se geloof nie ophou nie. Oë wat hy nooit sou vergeet nie.

Toe het Petrus **onthou.** Om te onthou is herinnering. En om herinner te word aan wat Jesus gesê het, is die werk van die Heilige Gees.

Dan gaan Petrus uit, buite die ligkring van die vuur. Verbaas staar die diensmeisie hom agterna. Waarom ruk die skouers van die groot Galileër so? Sou hy nou werklik...? Nee, dit kan seker nie wees nie, hy het dan nog pas so vreeslik gevloek. Huil hy dan nou?

### Die ware weg

Die laaste kontak tussen Jesus en Petrus het hom losgeruk van sy geloof. Die geloof in sy eie geloof. Die geloof dat sy geloof sterk genoeg is om by Jesus te staan. Die geloof dat sy geloof in Jesus die Christus, die Seun van die lewende God, (soos hy so kloek bely het), so sterk is dat dit nie sal wankel nie.

En hoe is hy nie geskud nie! Heen en weer in die sif van die Satan.

Ampertjies het hy saam met die kaf deurgeval, as dit nie was vir Jesus se gebed en vir sy Vader nie, vir Jesus se oë en God se hoendehaan...

Toe het Petrus geweet, onsegbaar seer soos dit is, op homself en sy geloof kan hy nie vertrou nie. Daarom het hy so gehuil, toe hy so skerp gevoel het wat sy gewaande sterk geloof eintlik aan Jesus gedoen het. Hy het sy deel ten volle bygedra om Jesus bespotlik en veragtelik te maak.

Daardie nag het die sweer van sy eiewaan oopgebreek.

Daardie helse nag van die siftende Satan, vol van valsheid en verraad, kom Petrus werklik voor Jesus te staan. Jesus, die enigste op wie hy kan vertrou. Toe het God hom gewys: jou geloof het gewankel, Jesus wankel nooit nie!

Daardie nag kondig God toe vir Petrus die ware weg van geloof aan, uit die bek van 'n haan...

---

# Godsdiens sê...

**Religion is man made,**
**but the Gospel is God-given**
**Religion is good views,**
**but the Gospel is Good News**
**Religion white-washes**
**but the Gospel washes white**
**Religion says try**
**the Gospel says trust**
**Religion says attempt,**
**the Gospel says accept**
**Religion says save yourself**
**but the Gospel says surrender yourself**
**Religion says do this do that,**
**but the Gospel says it is done!**

# Christus het ons rééds gered

*Ideale leser: Standerd nege en hoër*

DEUR die vindingrykheid van die Bose is daar mense wat dink dat die tweede vraag van die Heidelbergse Kategismus die voorwaardes beskrywe waaraan 'n mens moet voldoen om salig te word. As iemand sê ons word onvoorwaardelik gered, dan sê mense: nee, die kategismus sê: Drié dinge moet jy weet om salig te word.

Maar dis nie waar nie. Die kategismus vertel die verhaal van hoe Christus ons onvoorwaardelik gered het. Christus het aan álle voorwaardes voldoen. Dis nie 'n goedkoop redding nie. Dit het die Seun van God se lewensbloed gekos. Maar óns kry dit verniet. Daarom wy ons ons lewe aan God.

Wat bedoel die katkisasieboekie van Heidelberg dan as hy in sy tweede vraag vra: Watter drie dinge moet jy weet om in hierdie geloof salig te lewe en te sterwe?

Die sleutelwoorde is "hierdie geloof".

As jy nou sou terugkyk na ons vorige keer se bespreking, sal jy sien dat "hierdie geloof" die wonderlike wete is dat God ons op Golgota gered het. So, dis onmoontlik dat vraag twee nou voorwaardes kan stel. Vraag een kan nie sê ons is gered, en vraag twee dan hoe ons nog gered moet word nie. Dit sou onsinnig wees. As denkende mens is jy tog nie ontvanklik vir onsinnighede nie?

Kom ons kyk na die antwoorde:
a. Hoe groot my sonde en ellende is.
b. Hoe ek van my sonde verlos word.
c. Hoe ek God vir hierdie verlossing dankbaar kan wees. Anders gesê: Hoe ek dankie kan en moet sê.

SONDE EN ELLENDE

Jy sal die wonder van die evangelie nie begryp voor jy nie die ellende van die mens begryp nie. Dis vir my moeilik om dit vir jou duidelik te maak, want jy is jonk. Jy dink jy weet van leed (soos eensaamheid), en van sondes wat jy doen, dít en dát en nog 'n lelike ding. Eers as jy ouer word, sal jy weet dat sonde ellende is. Dis 'n moeras en dryfsand, dit verstik en verlam jou. Hoe meer jy probeer om daaruit te kom, hoe meer sak jy weg. Daar is geen sprake van dat jy self daar kan uitkom nie. Daarom word sonde wanhoop.

Ek suig dit nie uit my duim nie. Dis die verhaal van die Bybel. As jy jouself en die geskiedenis in de Bybel spieël, weet jy hoe groot jou sonde en ellende is. Dit loop van die moord op Abel tot op Sagaria (Matt. 23:35); van die uittog tot by die goue kalf; van die intog tot by die walglike verhale aan die einde van Rigters; van Dawid totdat Jerusalem soos 'n nakende slet in Babel sit (Klaagliedere); van Kersfees totdat Jerusalem sy Christus soos 'n melaatse teen die galgkruis uitspuug.

VERLOSSING

Maar dan kom die tweede hoofdeel van ons Christelike godsdiens: God het die moordenaars van sy Seun nie vernietig nie, Hy het hulle met die kruis gered. Hy het van hulle moord hulle eie verlossing gemaak. Hy het die galg verander in 'n operasiemes, 'n skalpel, en die bose kanker daarmee uit die harte van die mense gesny. Daarom het hulle op Pinkster nuwe harte ontvang, en 'n nuwe gees.

In die vorige Afrikaanse vertaling van die Kategismus het gestaan: "Hoe ek van al my sondes en ellendes verlos kan word." Maar dié "kan" was verkeerd. Die nuwe vertaling is meer korrek: "Hoe ek van al my sonde en ellende verlos word." Hoe Christus toe gedoen het wat ons nie kan nie.

DANKBAARHEID

Dit bring ons by die derde onderafdeling van ons godsdiens — die dankie-sê.

Kyk, as jy die verlossing en die saligheid persent gekry het, kan jy niks anders doen as om dankie te sê nie. Maar dankie-sê kom agterna. Dis mostert na die maal. Die dankie sê kan jou nie verlos nie. Waarvoor sê jy dan dankie? Jy sê dan dankie vir jou verlossing.

Sê 'n standerd nege vraesteller: En sê nou ek is nie dankbaar genoeg nie?

Jy kan nooit dankbaar genoeg wees dat jy nie dankbaar genoeg hoef te wees nie. Kom weg van die idee af dat dit van jóú afhang. Jy is verlos. Jy is vry. Lewe 'n vrye lewe vol lag en musiek. Ekstaties nugter. Moet jou nie laat verslaaf deur die sonde wat net wanhoop bring nie. En longkanker en sklerose.

Volgende keer praat ons oor hoe die duiwel die wet van die Here gebruik het om ons te laat sonde doen, en krepeer, en oor hoe óns dit nou gebruik om telkens weer by Christus uit te kom.

● **Riglyne vir 'n basaar-fees**

# Mik hoog — sy vyf maal hoër

DIS baie eenvoudig. Jy besluit hoeveel julle wil insamel, en dan verdeel jy dit tussen die wyke.

Maar nou is daar baie foute wat jy kan maak wat hierdie eenvoudige formule kan vernietig.

**Kerkraad**

Moenie 'n basaar hou sonder dat die kerkraad uitdruklik en genotuleerd besluit het om by die organiseerder te staan nie. Deur dik en dun. Hulle moet nie net besluit om 'n basaar te hou nie; hulle moet hulle verbind om die organiseerder se rug te dek. Dit sal nodig wees, want die bloed sal soms loop.

**Basaar?**

As iemand beswaar het teen 'n basaar, noem dit 'n spesiale fondsinsameling wat afgesluit word met 'n gemeentefees, wat lyk soos 'n basaar. Die basaar-fees is die wortel wat die donkie laat loop.

**Mikpunt**

Die globale mikpunt word bepaal deur wat julle nodig het. Moenie bang wees om hoog te mik nie. So vyf maal meer as die vorige poging.

**Verdeling**

Nou kom 'n stukkie harde werk. Kom ons sê die globale mikpunt is R50 000, en daar is 50 wyke. Jy kan nie sommer sê elke wyk se mikpunt is R1000 nie. In een wyk woon net pensioenarisse, en in 'n ander één persoon wat alléén R1000 kan gee.

Dus: Jy hou die R50 000 en die R1000 in gedagte en jy takseer elke enkele bydraer afsonderlik. Jan kan maklik R100 gee. Piet sal minstens R10 gee. Koos R50. Dit doen jy met **elke** bydraer in **elke** wyk. Dan tel jy die wyke apart op, en daarna alles bymekaar. As jou aanvoeling goed was, sal jy baie naby R50 000 staan; as jy op die regte golflengte gedink het. Maar sê nou maar jy staan op R40 000, dan verhoog jy alle wyksmikpunte met 30% en die totaal is R50 000, plus nog 10% by vir elke wyk, vir die wis en die onwis.

Dis 'n baie regverdiger sisteem as dié waarmee 'n paar mense hulle katswink werk, en die groot gros nie. Hy is egter nie waterdig nie.

**Kritiek**

Sommer met die wegtrek sal jy hoor "die mense" sê julle skryf nou voor wat hulle moet gee. Sommige mense dink die Here hou van mense wat in die geheim min gee. Moet jou nie laat ontmoedig nie, maar moet daarom ook nie die individuele "aanslae" van mense bekend maak nie. Maak net die totale wyksmikpunt aan die wykskomitee bekend (ouderling, diaken, wyksleidster), verduidelik hulle op watter manier jy daarby uitgekom het, en vra hulle om alles in die werk te stel om dit te haal. Wek geesdrif, en bly sê dis nie verpligtend nie, maar hulle moet hulle bes probeer. Jy sal baie min wyke teëkom wat nie genoeg in die stryd werp om die mikpunt te haal nie, veral as die hele gemeente tot in die fynste aartjies begin woel. Moenie die wyksmikpunte in syfers aan die gemeente bekend maak nie. Vir gesonde kompetisie kan jy wel die prestasie en vordering in persentasie uitdruk.

**Woeker**

Die basaarlyste word so twee tot drie maande voor die basaar uitgereik. Elke wyk kry 'n lys. Bo-aan staan in rooi: MIKPUNT: RXXXX,00. Op die lys het elke basaartafel 'n kolom. In die tweede laaste kolom word die waarde van in natura-skenkings (naastenby en ruim) bereken en in die laaste kolom kontantskenkings. Die laaste twee kolomme saam word dan met die mikpunt vergelyk.

Die maklikste is natuurlik as die wykslede, mooi voorgelig, só gee dat hulle met één omgaan die mikpunt haal. Kom hulle egter nie by nie, probeer die wykskomitee 'n werkspan rekruteer wat "woeker" vir die basaar - met ou klere, koeksisters ens. Die organiseerder sorg dat voorskotte daarvoor beskikbaar is.

**Inbetaling**

Elke kollektant (ouderling, diaken, wyksleidster, hulle besluit onderling wie sal loop, of watter twee) betaal op D-dag, so drie weke voor die basaar, by die organiseerder in. Nie by iemand anders nie, by die organiseerder self.

**Sameroepers**

Intussen het 'n gemeentelike basaarvergadering sameroepers vir al die tafels en sykraampies aangewys. Die tafels word nie deur wyke of blokke beman nie, maar deur individue. Elke sameroeper moet sorg dra dat sy tafel mooi vol is met die basaar. Hy moet nie net op lyste vertrou nie. Hy moet voorskotte vra en bakkers en makers aan die gang sit. Die kindertafel is baie belangrik, en reklame by die kinders net so.

Die dag as die basaar aanbreek, verval die aparte wykswerk. Dan is daar net één gemeente. En as elkeen sy plig gedoen het, word die mikpunt lag-lag gehaal. (Selfs dié wat langs die pad gehuil het, lag dan ook.) Ons het nog nooit 'n mikpunt nie gehaal nie. Die jongste was R80 000. Maar dan moet jy stiptelik hou by die bloudruk, en jou nie deur kritiek laat ontmoedig nie.

Skryf gerus as daar vrae is, of nog beter wenke. Kan ons nie 'n lys maak van lekker sykraampies en kompetisies nie? Meer oorspronklik as die bottel boontjies en nie 'n lotery nie?

# LEKKER KOS PLUS KANA-WATER = R5 000

Die meesterbrein wat potjiekos uitgedink het, is Jan de Beer van Kitskopie, wat Swart op Wit druk. Hy het nie potjiekos self uitgedink nie, ek bedoel hy het "projek-potjiekos" uitgedink. By ons het hy daarvan 'n werkwoord gemaak. Ons het gepotjiekos.

Dis 'n kompetisie.

Jy werf minstens twee goeie pryse by 'n vleismaatskappy wat sommer kom uitstal, en dan werf jy honderd kok-kedore. Die kokkedore is die kompetetore.

Inskrywing vir die kompetisie is gratis. Elke mededinger moet natuurlik sy eie bestanddele voorsien, maar dit wíl hy ook graag, want net die beste, met die hand uitgesoek, is goed genoeg.

En al wat hy dan nóg moet doen, is om minstens tien gaste te nooi. Díe tien gaste eet by sy vuurmaakplek teen R5 'n bord, en siedaar: 100x10xR5=R5000, en almal is gelukkig. Wie kla nou oor 'n bord van die lekkerste kos vir R5, met 'n bietjie Kana-water?

Maar dan moet die gees reg wees. 'n Boere-orkes. 'n Lekker veld en skemer tot donker met honderd vuurtjies en lapas en elke bondeltjie gaste het hulle eie gasheer terwyl die beoordeelaars rondstap en proe en 'n goeie seremoniemeester nie te veel praat nie.

O, dis absoluut heerlik om te potjiekos...

## ● In ligter luim

NOAG

As jy dan 'n lessie moet haal uit Noag se dronkenskap na sy arkvaart: Noag het nie gedrink voor hy gedryf het nie.

---

GESTADIGE DOOD

A: Het jy gehoor hulle sê 'n mens begin eintlik al doodgaan die oomblik as jy gebore word?

E: Ek wou mos sê ek voel heeltyd daar's iets besig om met my te gebeur...

# ● Bybelstudie

# Soos growwe beskuit wat week

## Die Inleidings: Die Voorloper

Joh. 1:6-13

**Daar was 'n man wat deur God gestuur is. Sy naam was Johannes. Hy het gekom om getuienis af te lê; hy moes van die lig getuig sodat almal deur Hom tot geloof kan kom. Hy was self nie die lig nie, maar hy moes oor die lig getuig. Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe. Hy was in die wêreld - die wêreld het deur Hom tot stand gekom - en tog het die wêreld Hom nie erken nie. Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie. Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het hy die reg gegee om kinders van God te word. Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar God is hulle Vader.**

Ek is 'n eentalige mens, 'n monolinguis. Ek kan Engels en Hollands met gemak lees, maar ek het opgegee om dit te praat. Duits kan ek nie eers gelees kry nie, om van Grieks te swyg. En tog het ek Duits, Grieks, Hebreeus en Latyn en selfs 'n bietjie Frans gestudeer. Maar ek kan net in Afrikaans vlot praat en dink.

Ek wens ek het meer Grieks geken. Ek wens ek kon die evangelie hoor sprankel in Johannes se mond. As ek so van buite kyk, lyk dit my of dit saggies knetter en kraak. Soos growwe beskuit wat geweek het.

In die eerste dertien verse het ek drie woorde onderstreep. Die woorde **was, word** en **neem**. En die aantal woorde wat onderstreep is, is 21. Dit behoort u 'n idee te gee van hoe die man speel met woorde. Eintlik speel hy nie, hy sing. As 'n mens van baie groot vreugde (en hartseer) vertel, sing jy. Selfs met 'n snik.

Kom ek probeer iets daarvan oordra. Die Woord **was** in die begin, **was** by God, **was** God; ja, Hy **was** reeds in die begin by God. In Hom **was** die lewe, en die lewe **was** lig... dit **was** die lig van die wêreld. Dit **was** in die wêreld, maar die wêreld...

Alles het deur Hom **geword** - sonder Hom het niks **geword** wat **geword** het nie. Daar het 'n man **geword**, ('n deur God gestuurde en beskikte...) om van dié Lig te vertel, van dié Lig waardeur die wêreld **geword** het. Dié wat in die Lig sou glo, mog weer kinders van God **word** - dié wat uit God **geword** het.

En dan die "neem".

Die duisternis kon dit nie **vat** nie. Sy eie wou Hom nie **hê** nie. En tog sou elkeen wat Hom maar net op sy Naam en Woord **neem**, weer kinders van God word.

Maar nou het ek al weer drie Afrikaanse woorde gebruik vir Johannes se één Griekse woord.

Dit is voorwaar 'n lied om te sing.

Die Woord en die Wysheid van God was van die begin af in die wêreld. Dit was nie net ver weg in die hemel, onbereikbaar ver soos die Prediker vermoed het nie. Dit was ook nie net in die tabernakel en die wolkkolom tussen die volk nie, dit was in die geskapene self. In al sy voeë en sfere, in die ondeurgrondelike lewensdrang en -krag wat sit in die geprogrammeerde selle. Want dit, al hierdie dinge, is deur die Logika van God geskape.

Maar die skepsels, sý eiendom, wou Hom nie hê nie. Die kankergewas het die gesonde selle verwerp en doodgemaak. Die mens, die rebel teen die koninkryk van God, het homself en die skepping opgesweep teen die Skepper. Dít wat Hom met liefde moes omhels, het vreemd en vyandig teenoor Hom geword. Die golwe wou Hom verpletter - sodat Hy met hulle moes raas - en die woestyn wou Hom laat omkom van die honger en dors. En toe Hy aan die kruis hang, het die aarde Hom geskud en die son het Hom in die steek gelaat en Hom in die buitenste duisternis gewerp, en die dorings het Hom gesteek. Sy eiendom wou Hom nie hê nie. Hy sou sy eiendom moes terugkoop.

En tog het God sy humeur en sy lankmoedigheid selfs nie hiérdeur verloor nie. Dít is waaroor Johannes huil en sing.

God het die weerbarstige wêreld nie in die steek gelaat nie, die wêreld wat Hóm in die steek gelaat en in die rug gesteek het. Toe die mense die Woord, die dieper Sin, nie in die wêreld wou sien en eer nie, het God 'n man na die wêreld gestuur om die mense voor te berei op sý, God se, koms. Dié man se naam was Johannes (die Doper) - wat beteken: die Here is genadig. Dit was asof God bang was dat Hy in 'n oomvan toorn vuur en swael op die aarde sou afroep en neerwerp as Hy te skielik op die mense afkom (vgl. Mal. 3:1), en hulle probeer Hom doodmaak. Daarom

het Hy 'n wegbereider gestuur, 'n voorloper, 'n Elia, 'n profeet wat altyd die waarheid praat, 'n waaragtige getuie, 'n marturion, sê die Grieks, 'n martelaar.

Hý, dié Johannes, moes van die Lig getuig. Nie met Hom dweep nie, getuig: sê: Dít is die Waarheid, die volle waarheid - so help my God. Hy was 'n getuie op gesag van God, 'n "apostel", sê die Grieks, 'n "gestuurde" van God. En die bedoeling was dat die mense, ál die mense, sy woorde moes glo, en dan voorbereid moes wees om hulle Heiland te ontmoet, hulle Herskepper.

Hy was nie die Lig nie. Hy was nie die son nie. Hy was die maan wat die lig van die son weerkaats. Maar waaragtig. Wie hom geglo het, sou voorbereid gewees het op die groot Dag-maalfees van God waarheen ál die mense uitgenooi is en word.

Want die ware Lig, wat elke mens (wou) verlig, was aan 't kom na die wêreld toe. Dít is wat Johannes die Doper moes sê. Die toekoms kom. Wagter, hoe ver is die nag? En dan moes hy sê: Die Dagbreek kom. Die koninkryk kom. Onstuitbaar. Bekeer julle, en glo die evangelie. Dít is die taak van 'n profeet, 'n getuie, 'n marturion: Om die herout te wees, om te vertel wat aan die kom is, wis en seker, omdat God so sê. Om te sê dat die toekoms aan God behoort - dat die mense hulle sinisme, vrees en ongeloof oor die toekoms moet laat vaar.

En dan sê Johannes, die evangelis, die evangelieskrywer: "Hy wás in die wêreld..." (10). Dit was nie dat Hy nie daar was nie, en nou moet kóm nie, Hy wás in die wêreld - die wêreld het dan deur Hom tot stand gekom - maar die wêreld het Hom nie erken nie. Hulle het Hom, hulle Eienaar, ook nie herken, geëien nie.

Maar toe het God hierdie slegte mense, wat slegter is as 'n os wat sy baas ken, het God hulle nie onteien en verban nie, Hy het sy koninkryk wéér laat kom, helderder as ooit tevore, naby, **baie** naby, so naby dat 'n mens dit met die blote oog kon sien - in vlees en bloed.

In vers 11, lyk dit my, vloei verlede, hede en toekoms ineen. Hulle wou Hom in die verlede nie aanneem nie, en selfs toe God in sy genade Hom wéér laat kom, het sy eie mense Hom steeds nie aangeneem nie. Selfs ondanks die betroubare getuienis van Johannes die Doper.

En tog het Hy, in sy ondeurgrondelike liefde, aan almal wat Hom aangeneem het, aan hierdie slegte en owerspelige geslag, weer die reg teruggegee om kinders van God te word. Dié wat in hulle bankrotskap hulle op sy Naam beroep, daarin gló. Net maar glo. Hulle op sy kruisverdienste beroep.

Maar moenie dink hulle het dit uit hulleself gedoen of kon doen nie. Hulle is dit nie van nature nie. Van nature is hulle kinders van die toorn. Dít, die geloof, het nie gekom deur die drang van 'n mens, of die besluit van 'n man nie, Gód was die Verwekker wat dié geloof in hulle sou laat word. Letterlik staan daar dat dit nie die "vlees" of die "man" was wat hierdie kinders van God verwek het nie, maar (die Gees van) God.

So word dit al Pinkster in die proloog van die Johannesevangelie.

---

**Soms wil 'n aksie, of wie ook al, veral die matrikulante sterkte toewens met die eksamen. Die volgende kan gebruik word op 'n mooi kaartjie met 'n blommetjie vir die meisies. Vir die seuns kan u miskén iets soos 'n mieliepit op die kaartjie oorweeg. Dit pretendeer nie om hoge kuns te wees nie, net om deur jongmense verstaan te word.**

DIE GROOT EKSAMEN

Ons dink aan die drome en al die ure
die dae wat meedoënloos nader skuif
ons dink aan die vasbyt tussen vier mure
aan die veld wat lokkend daarbuite wuif
En ons dink aan jou
en bid dat Hy wat getrou is
jou helder wysheid gee
En dat jy sal weet
dat hierdie net 'n skadu meet
teen die Groot Eksamen wat kom
maar dit, dít is jou krag
dat die prys betaal is - die volle som

# Metodisme/Roeping/Geloof/Uitverkiesing

**Metodisme?**

Dit beteken "met-'n-pad". Dit wil mense die pad na Jesus en die hemel wys. Hoe die mense moet maak om die saligheid te kry. Dan wil dié wat die pad gekry het, ook ander na Jesus toe lei.

Maar daar is nie 'n pad na Jesus toe nie. Jesus **is** die Pad. Hy is die Weg en die Waarheid en die Lewe. Daar is nie 'n metode, 'n paar dinge wat 'n mens moet doen, en dan is jy eers by Jesus nie. Die sondaar kom direk, as sondaar, by Jesus uit as hy geroep word.

**Regverdigmaking?**

Dit is toe God die onregverdiges (sondaars) regverdig gemaak het (vrygespreek het) sonder enige aandeel van hulle kant.

**Roeping?**

Dit is wanneer die evangelie die sondaar na die lig roep; hom die Lig wys; die regverdigmaking aan hom verkondig. D.w.s. die Weg aan hom wys (hom die Weg wys). Die evangelie wys nie 'n weg aan na die Weg nie. Hy verkondig Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer.

**Bekering?**

Dit is om die roeping (die geroep) te hoor en te glo. Om om te keer. Regs- of linksom. Nie meer met jou gesig na die hel en die wanhoop te staan nie, maar na die Lig. Dit is om op dié Weg te staan en te loop. Nie meer paadjies hemel toe te soek nie, maar jou op Jesus te verlaat.

**Geloof?**

Dit is om die evangelie te glo. Die evangelie dat Jesus alles vir mý gedoen het (dat ek dit dus nie eers my eie moet máák nie), dat Hy my regverdig gemaak het, en dat Hy dáárom die Weg is.

**Heiliging?**

Jy glo dat jy op Golgota geheilig is; geheilig en gereinig. Al sê jou gewete nog jy is onheilig en onrein, die Heilige Gees (die Trooster, wat God se troetelwoordjies met jou praat) sê jy is heilig. Jou sonde wat skarlaken- en purperrooi was, is weg, en jy is nou rein en wit soos sneeu. En heiliging beteken dat jy jou dáárom vir God afsonder. Jy wil nou die dinge soek wat Bo is. Jy probeer nou die wil van God doen, en as jy jou bes probeer, begin jy dit selfs hier en daar regkry. Maar as jy daarop trots word, kon jy maar net sowel gelos het. In die lig van die Skrif is dit erger om 'n Fariseër te wees as 'n tollenaar.

**Wedergeboorte?**

Is herskepping. Dit is wanneer God die ou dinge, die gebroke dinge, heel en nuut maak. God het belowe om álles nuut te maak. Vir jóú ook. By die voleinding sal Hy sy nuutmaak-werk klaar hê, maar as jy die evangelie oor sy nuutmaak glo, begin die herskepping nóú al in jou hart.

**Uitverkiesing?**

Is die wonder dat God ons al liefgehad het voor Hy nog die wêreld gemaak het, en dat Hy ál die mooi dinge hierbo voorbeskik het. Die uitverkiesing is deel van die evangelie. Ons mag dit glo. Dit maak ons nie lam of bang nie, dit gee ons die diepste troos denkbaar: dat ons saligheid in God se hande is. As dit in óns hande was, sou mens nie één nag kon slaap nie.

**Arminianisme?**

Die leer van Arminius en sy aanhangers wat behels:

1. voorwaardelike uitverkiesing, d.w.s. verkiesing uit vooruitgesiene geloof - teenoor die vrymagtige voorbeskikking tot geloof, volgens Calvyn;
2. universele verlossing, of dat die soendood van Christus vir almal geld, hoewel alleen gelowiges daardeur gered word;
3. saligwording deur genade, of dat mens ware geloof kan beoefen slegs deur die vernuwende werking van die Heilige Gees, wat 'n gawe van God is, maar waarmee die mens moet saamwerk;
4. dat die genade weerstaanbaar is;
5. dat die genade ook verliesbaar is.

(Die Afrikaanse Woordeboek)

Die leer van Arminius is uitdruklik deur die Gereformeerde Kerke verwerp, veral in die Dordtse Leerreëls.

**BELYDENISAFLEGGING IS 'N GROOT GELEENTHEID, 'N MYLPAAL. DIS DIE MOEITE WERD OM DIT NIE AF TE SKEEP NIE'**

Wat van 'n sertifikaat aan elke belyer met sy naam (noémnaam asseblief) en onderaan spesiale vermeldings: Ou Testament, Nuwe Testament, G-skiedenis, Basiese Geloofsleer, Getroue Bywoning (van kerk en KJA of JV) ens.? Ook 'n keurige gedrukte program vir die geleentheid.

# Jan Elkeman

het op 31 Maart 1985 voor
God en gemeente bely
dat hy die beloftes glo
wat Vader
Seun en
Heilige Gees
in die bybel aan hom gemaak
en met die doop bevestig het.

● **Uit die briewe**

# Hoe gaan sommige dan verlore?

"Ek is 'n NGK-predikant, en wil graag die bevryding van die evangelie verkondig. Maar op een of ander manier loop ek my vas. Ek aanvaar dat Jesus vir alle mense gesterwe het en dat sy versoening genoegsaam is vir almal. Nou vra ek myself af: Hoe is dit dan moontlik dat sommiges verlore gaan. Die antwoord hierop lyk wel eenvoudig, tog is dit nie. 'n Mens sou moes sê hulle kan wel en gáán wel verlore, omdat hulle konsekwent die redding verwerp wat God bewerk het.

"Hier lê nou my probleem: Verbondskinders, gedooptes, het 'n besondere 'kontrak' met God en ek wil hulle graag wys op die groot genade wat daarin opgesluit is en dat die gelowige daarvoor net dankbaar kan wees. Ek wil ook graag vir hulle kan sê: Julle is kinders van God! Maar die Bybel leer dat daar wel verbondskinders is wat verlore sal gaan en reeds gegaan het.

"As ek dít egter blatant gaan verkondig, werk dit geloofsonsekerheid in die hand en die kind van God het tog die troos dat hy God op sy woord kan neem vir sy saligheid. Dan sal enige lidmaat wat iets weet vir jou sê: Dit lê by die geloof. Hulle wat glo, sal lewe. Hulle wat nie glo nie, sal veroordeel word. En dit is tog ongeveer op een lyn met Joh. 3:18. Op hierdie manier word geloof, hoewel dit nie tot my saligheid bydra nie, die waterskeiding tussen die skape en die bokke; wat sommige laat sê dat dit die mens se 'aandeel' is in sy redding. Hy moet die redding aanvaar, omarm. As hy dit nie doen nie, gaan hy verlore.

"Nou wil dit vir my lyk asof so 'n redenasie die mens se saligheid van sy eie besluit en keuse afhanklik maak, en dit stem my ongelukkig. Want nou skuif die klem vanaf God se reddende genade na die mens se vrye wil en keuse. Indien jy op hierdie trant redeneer, sou dit korrek wees om te preek: Bekeer, bekeer en glo...

"Dan sou jy nie in die erediens onvoorwaardelik vir mense kon sê: Julle is kinders van God nie. (Kan kinders van God dan verlore gaan? Wat word dan van die volharding van die heiliges?) As jy aan die ander kant sou sê geloof is tog eintlik ook maar 'n gawe van God, sal hulle vra waarom God dit dan nie aan almal gee nie. As God ons gedwing het om in te kom (Luk.14:23), waarom dwing Hy dan nie alle mense nie?

"Dit is nie vir my 'n probleem om te verkondig dat Jesus vir die sonde van alle mense gesterf het nie. Ook kan ek sê dat niemand verlore hoef te gaan nie, want die Here het nie behae in die dood van 'n sondaar nie. Met hierdie boodskap kan ek na enige mens gaan en hom oproep om te begin lewe vanuit hierdie redding. Dit voel egter vir my verkeerd om vir almal te gaan sê dat hulle gered is, want 'n geredde kan tog nie verlore gaan nie. Die een sluit tog die ander per definisie uit.

"Hierin lê my probleem, juis vanweë die feit dat daar wel mense sal wees wat verlore sal gaan."

<u>Johan Serfontein,</u> Outjo.

Ds Serfontein verdien ons dank vir die openhartige en eerlike wyse waarop hy sy probleem voorlê. Hy bring hiermee baie mense en predikante se probleem onder woorde.

Dis nie 'n eenvoudige probleem nie.

Ek dink die oplossing lê in die grootte van die predikant. Is die prediker groter as 'n boodskapper, word die probleem ook al hoe groter. Maar hoe kleiner die evangelis, hoe kleiner die probleem.

Stel jou voor die briewebesteller is nie tevrede om net die briewe af te lewer nie. Hy begin hom kwel oor en inmeng met die inhoud van die briewe, en hy begin redekawel met die skrywers en die geadresseerdes. Die beste bode is die een wat sê: "Die Koning sê!; die Koning sê u is sy erfgenaam!" Dan sê die mense: "Maar hoe is dit moontlik? Hoe het dit gebeur?" En die bode sê: "Ek weet nie; ek verstaan ook nie, maar die Koning sê... Daar is geen twyfel nie."

Meer konkreet sê die boodskapper natuurlik: "Die Koning het u skuld afgeskryf." Hoekom? "Die Koning se Seun het dit betaal."

Dit is die hóófklem wat die verkondigers van die blye boodskap lê.

Maar nou is dit ook moontlik dat die verkondiger sien die mense verstaan die boodskap verkeerd. Of hulle glo hom nie. Hulle sit agteroor en roep vir nog 'n dop om te eet en te drink en vrolik te wees, want môre sterwe hulle. Of hulle knoei en pleeg geweld in die Naam van die Koning omdat hulle voorbarig dink die Koning is nou kop in een mus met hulle plannetjies en politiek.

Hulle verstaan nie dat Hy barmhartig met hulle was, en nou barmhartigheid ook van hulle verwag nie.

Dan roep die verkondiger tot geloof met woord en daad.

En hy wys daarop dat nie almal wat in die verlede in die kring van die verbond was, en die stellige versekerings van God aangehoor het, ook gered is nie. Dié wat dit in ongeloof verwerp het, het omgekom. Sou hulle geglo het, sou hulle geleef het.

Maar dit beteken nie dat ongeloof God se stellige versekerings vernietig of sinloos maak nie. Calvyn sê al sou die hele wêreld ongelowig wees, bly die doop van krag. Dit beteken ook nie dat dit die geloof is wat die gelowiges red nie. As iemand jou 'n tjek gee, en jy glo nie die tjek nie, en jy gaan wissel hom nie, realiseer die trekker se egte belofte nie. Maar as jy die tjek wel glo, is dit tog nie jou glo wat die tjek se integriteit waarborg en veroorsaak nie.

Waarom dwing God dan nie alle mense om te glo, en die saligheid in nie?

Op die punt kan ek nie meer antwoord nie, en niemand kan nie. Paulus sê in Rom. 9:20 oor hierdie soort vraag: "Wie is jy per slot van rekening dat jy met God wil redeneer?"

As ek dít lees, gryp ek my sak briewe en hardloop na die mense en deel die pos wat van God af kom aan almal uit. En as ek die brief oor die kruis afgee, sing ek vrolik vir hulle:

"Kyk, Ek maak alles nuut", sê God
"Laat hom wat dors het, kom
**En hy sal vind, hy is my kind**
Ek is 'n God vir hom!"

As hulle my dan vra: "Maar kan dit waar wees?", dan sê ek ja! ja! duisend maal ja! En ek sing weer:

Hy wat glo, word nie beskaam nie
Niemand smeek tevergeefs
in die Heer se Naam nie...

Hoe sal God iets belowe en sertifiseer wat Hy nie bedoel het nie? "Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename" (Rom. 8:16,17). Julle mág dit glo!

Maar daar staan ook, sê die mense dan dalk, dat dié wat deur die Gees gelei word, kinders van God is? En ek voel dan nie of ek deur die Gees gelei word nie? Ek is nie goed genoeg nie, nie geestelik genoeg nie...

Kom nou, sê jy dan sag, volg die Gees. Kyk, Hy lei jou Golgota toe. Hy wil jou trane daar afvee. Hy wil jou wys waar Christus jou sonde in sy graf laat agterbly het. - M.M.

# WIE OP SY GELOOF STAATMAAK

**Wie sy sekerheid probeer bou op sy bekering, moet juis tot bekering kom en die evangelie glo.**

**Jy moet nie eers tot bekering kom voordat jy kan glo dat God se genade vir jou genoeg is nie.**
**Jy kom juis tot bekering deur dit te glo.**

**Onsekerheid oor jou verlossing is 'n mosie van wantroue in jou Verlosser.**

**Om te glo, is geheel en al iets anders as om jou op jou geloof te verlaat. (Luther)**

**Teenoor die Wederdopers verklaar Luther dat die een wat hom op grond van sy geloof laat doop, nie net maar onseker is nie, maar ook 'n afgodedienaar, "want hy vertrou en bou dan op iets wat aan hom behoort, naamlik iets wat Gód aan hom gegee het. Hy vertrou nie meer op God se Woord alleen nie. Daarin doen hy presies dieselfde as iemand wat op sy krag, rykdom, mag, wysheid of heiligheid vertrou - wat alles tog ook gawes is wat God hom gegee het." Daarom mag 'n mens nie op jou bekering, wedergeboorte of geloof vertrou nie. Wie dit doen, is nog onbekeerd, onwedergebore, ongelowig. Wie dus op sy aanneem van Christus vertrou, het Christus nog nie waarlik aangeneem nie.**

**Hierdie uitgawe van Swart op Wit is opsigtelik 'n oorgangsuitgawe. Die volgende een sal hopelik (gouer) in drukletters verskyn. Dankie, Alec, vir jou gedienstige knap tikmasjien wat die geboorte behartig het.**

● **Skets**

# Tannie Groenewald se wonderlike bekering

Ek het al wonderlike bekerings gesien, maar van almal was tannie Groenewald s'n die merkwaardigste.

Tannie Groenewald het die klavier in die ouetehuis gespeel as ons biduur hou. Al was sy drie en tagtig, het die jongmeisie-mooi nog agter haar oë gesit. En haar stem was nog heel, hy het nie gekraak nie. Sy was soos Moses.

Sy is gebore op 'n wa terwyl haar vader op pad was na die kanale by die Grootrivier om 'n heenkome te soek. Op pad het al sy osse en ander beeste op een na gevrek, en toe het 'n man hom ses donkies gegee om met sy wa en vrou en baba verder te trek.

Naby Upington het tannie Groenewald toe grootgeword op die De Wets se plaas.

Twee myl van daar af was 'n klavier. Maar in die veld soontoe was 'n jaagspinnekop wat die dogtertjie voorgelê het - tot haar pa eendag saamgeloop het om dié ondier wat tussen haar en geluk gestaan het, dood te maak.

Op sewentien is sy universiteit toe op Robertson. So lank terug was dit. En daar het sy onder die prediking van 'n pastor Smith uit Engeland tot bekering gekom. Dié prediker het hulle vertel hoe hulle gered kan word, en toe het sy tot bekering gekom. Maar dit is nie die bekering waarvan ek wil vertel nie.

Voor ek verder gaan, moet ek miskien net vertel dat sy my hierdie verhaal twéé keer vertel het. Die tweede keer meer volledig, en in 'n bed nadat hulle vir haar gesê het die bloedoortappings help nie meer nie, die leukemie het te sterk geword.

Meneer, ek kan haar stem nog hoor, meneer, dit was absoluut wonderlik. Ons, ek en die ander meisies, het met ons koppe in die wolke geloop. Alles om ons was so mooi en binne was 'n ekstase wat onbeskryflik was. Om gered te wees; om so naby die Here te wees en te voel.

Maar die Desember-vakansie is ons toe huis toe. En die De Wets was vrolike mense, en Oujaarsaand het hulle ons na hulle groot huis genooi, en daar het ek toe tot 'n val gekom.

Sy het 'n oomblik gehuiwer. Ek kon sien dis swaar vir haar om daaroor te praat, en ek het koud geword oor wat ek verwag het.

Meneer, ek het weer gedans. Ek het die Here in die steek gelaat. Ek het Hom verraai. Nooit kon ek Hom weer vind nie. Ek het my trane oor al die jare opgehuil, maar dit was verniet. God het geswyg. Die wonder was weg.

My vader het gesê ek moet my skuld bely en berou hê, en ek het dit gedoen. Baie, baie kere. Maar dit het nie gehelp nie. Ek kon voel die Here het my verwerp.

* * *

Later is sy met 'n jong konstabel getroud, en sy het kinders gehad, en weduwee en oud geword, en ouetehuis toe gekom, waar sy die klavier gespeel het op gehoor en geheue, hallelujas en psalms en gesange, maar nie die nuwes nie. En toe het die jaagspinnekop haar ingehaal.

Daar was 'n diep leed in die mooi oë en die bleek gesig, oor haar verraad ses en sestig jaar gelede op die De Wets se plaas.

Sy kon die dood nie in die oë kyk nie. Sy het geweet die dood is baie naby, én die oordeel. Sy het gesê dat sy bang is vir die dood omdat sy wéét die dinge tussen haar en God is nie reg nie.

Toe het ek aan haar die evangelie verkondig. Die blye boodskap dat Jesus vir al haar skuld betaal het. Alles, end-uit. Dat Hý die dinge tussen haar en God reggemaak het. Dat Hý haar met God versoen het omdat Hy geweet het sy sal nie kan nie. Dat Hy haar al voor die grondlegging van die wêreld liefgehad het.

Sy het dit mooi gehoor. Haar vlugge verstand was nie afgemat soos haar liggaam nie. Sy het verstaan wat ek sê, maar sy kon dit nie glo nie.

Meneer, ek wens ek kon dit glo, het sy gesê.

Maar jy mág dit glo! het ek gesê. God het my gestuur om dit vir jou te kom sê. Jy mág dit glo. Ek smeek jou om Christus ontwil aanvaar die versoening wat Gód bewerkstellig het.

Sy het weer geprewel dat sy wens sy kon.

Toe het ek oor die tralies van die wit cot gebuig, oor die mooi mens wat baie min dae oor gehad het om te lewe. Terwyl my trane onbeskaamd loop, het ek gesê: Tannie Groenewald, kan ek namens

• **Uit die briewe**

# En toe val alles oop soos 'n legkaart

"Ek wou altyd so graag opreg eerlik 'n Christen wees maar toe ek met die gereformeerde leer in aanraking kom soos u dit vertolk, het ek begin twyfel aan my Christenskap. Ek het besef dis anders as die dinge waaraan ek vashou. Dit het gevoel asof ek liewer nie meer moet kerk toe gaan nie. Alles as so anders as waaraan ek al die jare met soveel oortuiging vasgehou het. Ek het begin dobber. Só wou ek nie wees nie.

"AS gevolg van my agtergrond was ek van kleins af intens bewus daarvan dat ek 'n kind van God is. Alles wat oor Jesus gegaan het, was vir my groot erns. Aan al die verenigings en aksies het ek meegedoen. Dit was alles wonderlik, maar sonder dat ek dit besef het, het ek ñ slaaf van 'n reseppie geword. Ek wou met alles in my die reseppie uitdra en afdruk op ander. Gaandeweg het ek ook aan al die reëls en wette vasgehou om tog seker te wees dat ek 'n kind van God is. Ek het selfs in my gemoed ander geoordeel wat anders glo. Ek het ook begin dink aan die grootdoop.

"Al hierdie groepe en kursusse, so het ek dit verstaan, het verkondig dat 'n Christen 'n oorwinningslewe moet lei. 'n Ware Christen ken geen val-en-opstaan lewe nie.

"Maar dit wou nie uitwerk in my lewe nie. Dit was my ondergang. Hoe harder ek gebid het en hoe harder ek probeer het, hoe meer het ek geval. My lewe was meer val as opstaan. My gebede het net bestaan uit sondebelydenis. Dit het my laat voel dat my saak met God nie reg is nie. Dit het my gespanne gemaak, en my skuldgevoelens laat ophoop. Ek het soos ñ skynheilige gevoel.

"Die ergste was as mense na my toe gekom het vir raad en bystand, en skielik was ek self so onseker dat ek vir hulle wou skree: Gaan weg van my af! Julle ken my nie regtig nie! Ek is self verlore!

"En toe gebruik die Heilige Gees die evangelie, die ware evangelie, om my oë oop te maak, en alles val vir my oop soos 'n legkaart. Skielik verstaan ek toe die eenvoud van die verlossing. En ek verstaan wat geloofsekerheid is. Die nagmaal, die doop, die geloofsbelydenis, alles kry vir my nuwe betekenis. Dit werk uit in my lewe!

"Ek kon nie wag om te hoor en te luister en om alles in te drink en te herkou nie. Ek het alles nagegaan in die Woord en in die Drie Formuliere van enigheid Ek het nuwe vreugde en vrede gevind. Ek het besef 'n Christen val wel, maar bly nie lê nie. Hy moet weer opstaan omdat Christus opgestaan het. Die wonderlikste is dat ek nie meer hoef te probeer nie; dat ek net kan vashou aan wat Jesus vir my aan die kruis gedoen het, en in dankbaarheid kan voortleef soos Hy my lei."

B.R. – Pretoria

---

tannie met die Here praat?

Ja, meneer, het sy gesê, jy kan maar.

Toe het ek gesê: Here, ek praat met U namens tannie Groenewald. Sy het my volmag gegee om namens haar te praat. Here, sy glo. Sy glo dat Jesus Christus vir al haar sondes en skuld op Golgota gesterf het.

En, baie dankie Here, dat U nie eers meer kan onthou wat daardie aand op die De Wets se plaas gebeur het nie.


Toe het sy geskreeu. Ek weet nie wat sy geroep het nie. So goed as wat ek die verhaal kan onthou, so min kan ek onthou wat sy uitgeroep het. Ek het dit onmiddellik vergeet, want dit was te skerp en te skokkend. Dit was iets soos: "Is dit waar!! God! Is dit waar?!"

* * *

Toe ek haar begrawe, het ek hierdie hele verhaal in die kapelletjie in Maitland vertel. Die paar mense het nie gelyk of hulle verstaan nie, maar ek het nie omgegee nie. Dit was asof ek praat met die mens wat ek liefgehad het. Die ou mens met die jongmeisiemooi agter haar oë. Die begaafde mens wat salig gesterf het, maar wat ook salig kon geleef het as sy nie met 'n karikatuur van die evangelie mislei was nie.

# IN SWART EN WIT

Wat sê jy as 'n jongman weermag toe gaan? Of grens toe. Wat gee jy saam? Miskien:



Hy sal uit die lig die skaduwee ingestoot word (Job. 18:18)

## SALUUT

Dankie dat jy gaan
vir ons
en vir ons land
en almal wat jou liefhet

Ons groet en bid
dat God se hand
jou lei
en dek
en veilig bring
na die wat wag
en dae sal tel

Hou moed
Hý het die dood en hel
oorwin



En staar die ure om.



Die son sal jou bedags nie steek nie, nog die maan by nag.

Foto's: George van der Merwe